

FRANSKRAAL BUURTWAG

NUUSBRIEF / NEWSLETTER

DESEMBER 2024



Kantoor: h/v Ross- & Loopstraat
Redakteur: Willem van der Merwe

NOODNOMMER 081 419 0180
franskraalbuurtwag@gmail.com

Die bestuur wens al ons lede, inwoners en besoekers 'n Geseënde Christusfees. Mag julle die liefde en die vrede ervaar. Ons wens ook elkeen 'n voorspoedige 2025 en goeie gesondheid toe. For those who have lost love ones this year, our thoughts are with you.



PATROLLIES

Hiermee bedank ek weer eens die patrollielede vir die onbaatsugtige werk wat hulle doen tydens koue, donker, nat en winderige nagte. Die optrede en werk deur die manne en dames van die buurtwag dra beslis by tot die lae misdaadsyfer in ons dorp.

Die feit dat daar sigbare polisiëring is, is beslis 'n manier om die misdaad te bekamp.

Die patrollies werk en skrik beslis potensieële diewe/inbrekers af en 'n vinnige reaksie daarmee saam is net die regte ding om hulle in 'n spore te stuit. Ons benodig dringend patrollieryers. Indien u sou belangstel, kontak asseblief die kantoor.



BYHOU VAN GEGEWENS

'n Vriendelike versoek is dat wanneer iemand te sterwe kom of 'n huis verkoop word of van huurders verwissel, dat die nuwe inligting deurgegee word aan die kantoor, veral e-pos adresse.

Sodoende kan die databasis so volledig moontlik bygehou word.

Baie dankie vir u hulp hiervoor.

BUURTWAG VERJAAR

Op 15 Oktober 2024 was die buurtwag nege jaar oud. Dankie aan almal vir jul ondersteuning en samewerking.

PROJEKTE

Augustus

Gedurende Augustus het patrollieled van die buurtweg tien hondehokke geverf en aan BARC geskenk.



September

In September het ons begin om die kantoor binne te verfraai en buite skoon te maak.



Oktober

Een veiligheidskamera is gekoop en dit is geïnstalleer. Hierdie is 'n proeflopie om vas te stel hoe om in die toekoms voort te gaan met verdere aankope en installering van kamera's. Dit is 'n baie duur proses.

Kamera's



Ons het baie goeie terugvoering ontvang ten opsigte van kamera's. Heelwat lede het ingestem dat kamera's by hul huise aangebring kan word.

Drie lede het selfs elkeen 'n kamera geborg. Dit is wonderlike nuus. Alles is nog in 'n proef stadium. Ek sal u op hoogte hou van hoe ons vorder.

MISDAAD

Dit is die huiseienaars se verantwoordelikheid om toe te sien tot die veiligheid in en rondom die woning.

Die meeste inbrake is as gevolg van die nalatigheid van die huiseienaars. Motorhuisdeure, asook vensters, sonder diefwering, word oopgelaat.

Die misdadigers het die afgelope jaar gewelddadiger geword en inwoners en besoekers moet asseblief versigtig wees. Skakel asseblief julle buiteligte aan gedurende die nag, want dit help beslis.

BESOEKERS

Gedurende Desember en Januarie gaan baie besoekers Franskraal besoek. Dit is juis gedurende die vakansie tyd wat die misdadigers op vakansie plekke toesak.

Almal moet dus meer paraat wees en seker maak dat alles gesluit word en alarms gestel word indien mense nie by die huise is nie.

Maak seker dat indien niemand voor in die huis is nie en handsakke, beursies en selfone voor op 'n tafel lê, dat die voordeur gesluit is.

NATUURLEWE

Wees asseblief baie versigtig wanneer u ry, veral vir ons fisante, kiewiete en dikkoppe met hulle kuikens. In die somer is daar ook baie skilpaaie wat in die paaie is.



NOODNOMMER

Neem asseblief kennis dat in die toekoms, alle kommunikasie met die Buurtwag **SLEGS** op die noodnommer moet geskied. Lede word versoek om nie persoonlike nommers te gebruik nie. Slegs oproepe — geen whatsapp, stembodskappe of SMS sal beantwoord nie. Die rede daarvoor is, om meer inligting te bekom rakende die probleem.

NOODNOMMER 081 419 0180
EMERGENCY NUMBER 081 419 0180

Members are requested to **ONLY** make use of the emergency number for all communications with the Neighborhood watch. Please do not use personal numbers. Calls only — no whatsapp, voice messages or SMS will be answered. The reason being, we need more information with regards to the problem.

ALGEMENE JAARVERGADERING
DINSDAG, 17 DESEMBER 2024
OM 10h00

Bestuur 2024/2025

Agter—Aubrey Louwrens, Elize von Moltke, Hennie Liebenberg, Danie Moolman

Voor—Olga Birch, Willem van der Merwe, Elizabeth Miller



Danie bou waterbakke vir die diere



KANTOOR URE:
MAANDAE
WOENSDAE
VRYDAE
10H00- 13H00

Then the angel said to them, “Do not be afraid, for behold, I bring you good tidings of great joy which will be to all people. For there is born to you this day in the city of David a Saviour, who is Christ the Lord.”

Luke 2:10–11

The shepherds thought they would have to die, because they had seen the glory of God (Exodus 33:20). But the angel reassured them telling them that he had come to announce to them the birth of the promised Messiah, the Lord Almighty, sent by God to save them. Then he told them where they could find the Saviour and how they would recognise Him. The shepherds believed his message and immediately set out for Bethlehem. There they discovered a newborn baby lying in a manger, surrounded by its parents. This was quite the opposite of an almighty king appearing in all his glory! But for the shepherds, the words of the angel were more important than what they saw. They returned home happy and confident that God had fulfilled His promise! The Saviour was there, even though His glory and power were not yet manifest. The angel had told the shepherds that the newborn lying in the manger represented a special sign. The manger is a reference to lowliness, to the nature and activity of the Saviour. Jesus would be seen as weak and at the mercy of human beings. He would therefore be close to the poor, the humble, and the rejected.

Today it is the Holy Spirit who brings us the good news of salvation. He reveals to us the nature and activity of Jesus Christ and tells us where we can find salvation: in the church of Christ.

Let us accept His message in faith. Believing is indispensable, because we still live in the time when this salvation is “already there, but not yet revealed”. Obedience creates access to salvation. The shepherds were able to see the Saviour, because they followed the angel’s instructions. Obedience to God gives us access to the salvation He offers us today. God invites us to attend the divine services He urges us to put His word into practice. He asks us to love God and our neighbour. Doing so allows us to benefit fully, there and now, from His presence, His peace and the power of His love in all its fullness.

These experiences of faith nourish our hope: we joyfully await the fulfilment of the promise, in absolute certainty and it will come true.

Aubrey Louwrens

